Wanneer beplande boosheid die beplanner tref

Teks: Ester 7: 1 - 10
Teksvers: Ester 7: 9

1. Inleiding

Wie ’n gat vir ’n ander grawe val self daarin, hierdie is natuurlik nie net ’n idioom en gesegde in afrikaans nie. Dit is ook ’n direkte aanhaling van Spreuke 26:17a. En in kort is dit ook wat geopenbaar word in ons teksvers vandag. Dit is net genade alleen dat ons die voorreg het om vandag nog mooi en goed uit hierdie ou testamentiese bepalings te kan sien. Maar met ’n wêreld wat vandag duidelik ander stemme en oortuigings verkondig is dit nodig om weereens stil te word voor hierdie waarhede vanoggend.

Maar wat presies leer ons vanoggend uit hierdie unieke Ou Testamentiese boek wat voorgelees is tydens die Joodse Purimfees. Ons weet dat die Purimfees juis die volk se behoud gedenk, die behoud wat die Here deur Ester bewerkstellig het. Ester wat utieindelik getrou aan haar roeping ook die Here se opdragte en waarheid uitleef.

Maar wat presies gebeur by hierdie maaltyd saam met die koning en Haman? Wat veroorsaak dat Haman nie net die vyand van die Israeliete is nie, maar ook die vyand van die koning word? Wat doen Ester? Wat doen Haman? Wat is die onstandighede, en/of word hierdie omstandighede geskep? Ons leer tydlose lesse oor die beplanning en gevolge van boosheid uit hierdie teksgedeelte.

Maar die belangrikste les bly natuurlik die Heiligheid van God, wat steeds soos ’n goue draad regdeur die Ou Testament, Nuwe Testament en uiteindelik ook ons lewens loop. In hierdie heiligheid het die boosheid nie bestaansreg nie. En wanneer ons ruimte vir die boosheid begin skep sal dit spoedig groter word en oorneem. Kom ons kyk hoe werk dit.

2. Wanneer boosheid bevorder word, word die gevaar vir myself ook groter

Wanneer ons die boosheid bestaansreg of grondgebied in ons lewens begin gee. Maak ons dit nie net vir ander mense moeilik nie, maar ook uiteindelik vir onsself. Prakties lyk dit so in ons teksgedeelte. Daar is klaar ’n 23 meter hoe galg gebou in Haman se erf. ’n Galg is miskien iets wat ons nie meer so goed in ’n land sonder die doodstraf ken nie. Maar die doel van ’n galg is om ’n ter dood veroordeelde persoon om die lewe te bring. En daarom word galge basies op staatsgrond opgerig. Want die owerheid ontvang die mag van die swaard om die een wat kwaaddoen te straf.

Maar nou is hierdie galg nie ’n op staatsgrond opgerig nie. Soos ons reeds gesê het is dit op Haman se privaat grond. En die skrif verskaf dan ook vir ons die rede waarom hierdie galg opgerig is by Haman se huis. Ons lees in hoofstuk 4 dat Haman die galg bou op aanbeveling van sy vrou Seres en al sy vriende. En rede hiervoor is dat hy dan die koning kan oortuig om vir Mordegai aan hierdie galg op te hang, en so sal sy woede oor die Jood mordegai gestil kan word.

Op hierdie manier ontwerp en bou Haman onbewustelik sy eie teregstellings instrument. Dieselfde gebeur wanneer ons boosheid toelaat. Wanneer ons nie net ruimte nie, maar ook platforms gee vir mense wat aggressief ateïsties optree. Mense wat die spot dryf met ons Here Jesus Christus en die kerk. Want wanneer hierdie groeperings bestaansreg en grondgebied rondom ons het, is dit natuurlik maklik vir ons vriende en familie juis daarvan deel te raak.

Ons kan dit in die beeld van gate wat gegrou word, soos volg uitdruk. Ons moenie toelaat dat gate rondom gegrou kan word, wat mense sal verhinder om in geloof by die voete van Christus uit te kom nie. Neem ons moet eerder ondersteun, aanmoedig en selfs help

bou aan brûe om mense te kan help om by die voete van Christus uit te kom.

3. Wanneer iemand uit die binnekring teen jou draai

Maar daar is ook ’n ander saak wat duidelik geopenbaar word in hierdie keerpunt wat in ons teksgedeelte beskryf word. In hierdie saak skuif ons aandag na Garbona, die eerste naam wat genoem word in ons teksgedeelte. Op die oog af is daar niks spesiaal aan hierdie persoon wat se naam donkie drywer of donkie bestuurder in die Persiese taal beteken nie. Maar dit is wat hy doen in ons teksvers wat aandag trek.

Aanvanglik is Garbona ’n vertroueling van Haman. Hy is ’n bondgenoot wat saam met Haman geywer het. Garbona is immers volgens ons teksvers deeglik bewus van galg wat Haman onlangs gebou het. Maar ons teksgedeelte vandag bevat die draaipunt van Haman se aansien voor die koning. Trouens Haman wat in die begin van ons teksgedeelte nog ’n geliefde hoofamptenaar van die Koning is, is aan die einde van ons teksgedeelte ’n veroordeelde krimineel. ’n Krimeneel wat tereg gestel moet word, om die koning se woede te bedaar.

En dit is wat Garbona begin raaksien in ons teksgedeelte. Dit is ook wat sy lojaliteit laat draai, hy sien die val van sy leier aankom. En dan is hierdie verraad vir hom ’n opsie op nuwe guns van ’n ander leier. Die hartseer saak is dat ons Here Jesus Christus presies dieselfde hier op aarde moes deurgaan. Een van Sy noue bondsgenote, Judas verraai en verkoop Hom uit aan die Joodse raad. En dan lê straf en teregstelling ook vir Christus voor.

Maar Christus en Haman kan uiteindelik nie ver genoeg van mekaar verwyderd wees nie. Want Christus ontvang onskuldig die doodstraf. Natuurlik is dit die straf om ons sondes. Tog is die belangrike les dat ons vandag nie daardie verraaier uit die binnekring moet wees nie. Jesus se duidelik oor Judas die volgende in Matteus 26:24: “[24]Die Seun van die mens gaan inderdaad sterwe soos daar oor Hom geskrywe staan; maar wee die man deur wie die Seun van die mens verraai word. Dit sou vir daardie man beter gewees het as hy nooit gebore was nie.”

4. Die heiligheid van God as ons prioriteit

Soos ons reeds gesê het is die straf wat Christus ontvang is natuurlik ons straf, wat ons verdien. Maar dit is juis in hierdie straf op die sonde gedagte dat ons ’n finale eienaardige vergelyking in ons teks gedeelte aantref. Hierdie vergelyking lê in vers 10, en dit gaan oor die Koning se woede wat gestil word in die teregstelling van Haman. Maar voor ons hierdie vergelyking maak, moet ons eers terugkeur na ’n paar belangrike aspekte van ons Christelike geloof.

Een van hierdie aspekte is die sonde. In vandag se mens gesentreerde wêreld word sonde selfs vanuit ’n geloofskonteks net gesien as dit wat vir die mens skande en skade bring. En daarom sal verlossing en bevryding van hierdie sonde uiteindelik net alles vir die mens self beter maak. Maar dit is nie die waarheid nie. Sonde is en bly in die eerste plek die proses om God te probeer ontheilig.

En daarom gaan ons sonde ten diepste oor die Here wat nie geëer word nie. Verlossing en redding uit ons sonde herstel dan hierdie heiligheid van die Here. En daarom kan ons die vergelyking trek tussen die woede van die swak aardse koning en die toorn van God. Want dit is uiteindelik die toorn van God wat bedaar, wanneer Christus versoening vir ons sondes aan die kruis bring.

Wanneer die boosheid van die sonde vernietig is, kan vrede en rustigheid weer begin heers. Duidelik is die voorspoed en guns wat ons beleef uit die verlossing van die sonde, eintlik maar ’n byproduk van die Here se heiligheid wat herstel word. Ons kan hieruit aflei dat ons grootste prioriteit in die geloof altyd die Heiligheid van die Here moet wees, en nie ons eie voordeel of voorspoed nie. In genade ontvang ons hierdie verlossing sonder enige verdienste van ons kant in die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus.

5. Slot

Ons kan vandag se preek afsluit deur so bietjie terug te staan en uit te fokus uit ons teksvers. Ons teksgedeelte vandag word beskryf as die keerpunt in die boek Ester. Die keur punt wat in die middel staan en die res van die boek simmetries daarom orden. In die eerste helfte van die boek is Mordegai, Ester en die res van die joodse mense onder groot

beproewing. Dit terwyl Haman en die mense rondom hom in voorspoed as die gunsgenote van die koning leef.

Maar in die tweede helfte keer hierdie sitausie handomkeer om. Nou is die Mordegai, Ester en die res van die joodse mense wat die guns en voorspoed van die persiese koning geniet. Dit begin in ons teksgedeelte met die teregstelling van Haman, aan die galg wat eintlik opgerig is vir Mordegai.

Dit is uiteindelik hierin wat die troos ook vir ons lê. Die boek Ester het die eienaardige verskynsel dat die Naam van die Here nie eenkeer daarin voorkom nie. Daarby is hierdie mense ook die jode wat in die Babiloniese ballingskap agter gebly het. Verder is daar baie immorele optrede van verskeie van figure ook uit die joodse kant in hierdie teksgedeelte. Maar wanneer die mense van die Here skielik uitwissing in die gesig staar. Dan is God allesbehalwe afwesig. Hy red en verlos Sy volk, volgens Sy verbondsbeloftes.

Dit is hierdie troue sorg en liefde van die Here, wat ons steeds vandag vrede en rustigheid gee. Vrede en rustigheid wat dit heeltemal onnodig maak om in die beplanning van boosheid betrokke te wees.

Amen